**26 November**

## Antwoord op die sielshonger van die mens

**Skrifgedeelte: Johannes 6:1-15, 22-59**
**Fokusgedeelte: Johannes 6:35**

Die Here is goed! Hy stuur in liefde sy Seun na hierdie wêreld as antwoord op die geweldige honger wat die verlore mens het. Dit is ’n sielshonger wat gebore is uit die feit dat die mens van God vervreemd is. Daar is absoluut niks op aarde wat hierdie honger kan stil nie, daarom is Jesus “brood uit die hemel”. Hierdie honger is boonop ’n honger wat uiteindelik in die ewige dood eindig.

Wie egter met die brood uit die hemel versadig word, sal nie van die honger doodgaan nie, want hierdie brood gee lewe. Hierdie lewe is ’n lewe van oorvloed. Jesus het dit in die vermeerdering van die brood geïllustreer. Nadat die duisende klaar geëet het en versadig was, het 12 mandjies stukke brood en vis oorgebly. Nooit sal iemand kan sê: “Wat Jesus gedoen het, was nie genoeg nie”. Wie na Jesus “kom”, dit is Hom in die geloof omhels, het die lewe en is versadig, want hy is daar waar hy hoort – by God.

Moenie met ’n knaende sielshonger rondloop en dit probeer stil in die tipe brood wat jy in die vermaakplekke van die wêreld kry nie. Dit stil nie honger nie, les nie die dors nie en gee nooit bevrediging nie. Jesus sê baie duidelik hier waar versadiging en lewe te vind is. Dit is die enigste plek waar jy dit kan vind.

*Sing: Psalm 107:2 (1936)*

*Prof. Rikus Fick (Teologiese Skool)*